### *Helena, die dogter van die wyse Griek*

**86** Toe kom die ietwat skugter dogter **Helena** na My toe en sê smekend: "Meester, onbegryplike grote Meester en Verlosser! O neem dit my ou vader nie kwalik nie. Helaas, as sy dogter ken ek hom tog al my hele lewe lank en ek kan vir U na waarheid getuig dat hy `n goeie, sagte en baie meelewende man is. Ek kan my nie herinner dat hy selfs ooit een gelyk gegee het nie, wat hy verseker aan sy kant gehad het, of laat vóór gaan het op die reg van iemand anders nie, ook al was dit eerder onreg as reg. Hy het nog nooit met iemand daaroor gestry of hom vererg en gekerm oor `n onreg wat hom aangedoen is nie! Maar die hoë gode het hom daarom ook nooit laat val nie, en die skone godin van die geluk was hom altyd vriendelik gesind.

[2] Daarom moet ook U, wat ook so `n bietjie van `n God blyk te wees, die besorgdheid wat my vader uitspreek, nie as beledigend vir U hoogheid beskou nie! Maar as U tog so streng is, neem dan my lewe ter versoening van my vader, wat ek bo alles liefhet!"

[3] **Ek** sê vir alle omstanders: "Het julle ooit al so `n voorbeeld van kinderliefde in Israel ervaar? Waarlik! Sy is weliswaar `n heiden, maar sy beskaam die hele Israel, wat tog deur Moses die wet van Elohim ontvang het om vader en moeder te eerbiedig, te eer en lief te hê!"

[4] **Almal** sê: "Nee, Majesteit en Meester! So iets is in Israel ongekend!"

[5] **Ek** sê vir Helena: "Wees nie bang nie My dogter, want Ek ken jou vader al baie lank en vir jou ook, en as Ek nie vir hom en vir jou geken het nie, dan sou julle in hierdie bose see begrawe gewees het!"

[6] **Helena** sê: "Maar buitengewoon wyse, magtige en tog baie vriendelike Meester! Hoe kan U my vader en vir my al so lank ken? Ons ken u nouliks `n uur lank?"

[7] **Ek** sê: "O Helena, kyk om jou heen, die see en die hele aarde is al baie oud, en tog was Ek daar vroeër as dit alles!"

[8] Nou skrik **Helena** en vra My angstig en eerbiedig: "Is U dalk die oppergod Zeus self?"

[9] **Ek** sê: "Aanvallige duifie, beangstig jou hart nie met leë dinge nie! Zeus is Ek nie, omdat daar in werklikheid nooit `n Zeus was nie. Maar Ek is die Waarheid en die Lewe. Die wat aan My glo, sal die dood in ewigheid nie sien, voel en ken nie! - Weet jy nou wie en wat Ek is?"

[10] **Helena** sê: "Maar as u slegs die koue waarheid is en daaruit die suiwer lewe, hoe is dit dan dat ek nou soveel liefde vir u in my begin voel?"

[11] **Ek** sê: "Duifie! Dit sal jou eers op die berg bekend gemaak word! Maar nou gaan ons, want anders is die son ons nog voor!"

[12] Toe verlaat ons die werklik koninklike tente en gaan die berg op, wat ons vanweë sy geringe hoogte in `n kort tydjie bestyg.

[13] Toe ons bo kom, merk Cyrenius op hoe heerlik en mooi die hele, uitgestrekte omgewing daaruit sien, en dat hy so iets pragtigs gewis urelank sou kon bekyk sonder om maar enigsins moeg te word. Dit was maar net ewiglik jammer dat die dag nou al byna om was.

[14] Na `n rukkie kom **Simon Juda** na My toe en sê: "Meester, nou sou U ook ten beste, net soos Josua, vir die son kon sê: 'Staan stil, son!', sodat die kinders hier langer kan geniet van hierdie heerlike aand, en Hom verheerlik wat dit geskape het!"

[15] **Cyrenius** sê: "O Simon, ou, troue visser en nou leerling van ons groot Meester en Majesteit, dit was `n goeie gedagte van jou, en ons Majesteit en Meester sou dit om welbekende redes nog baie makliker kon doen as Josua!" Daarop wend ook Cyrenius hom met hierdie versoek tot My en Jarah ondersteun dit.

### *Die skynson*

**87** Maar **Ek** sê: "Julle is nog baie onervare kinders, en vra vir iets wat beslis nie mag gebeur op die manier soos julle jul dit voorstel nie. Want kyk, die son beweeg nie, maar staan altyd stil ten opsigte van die aarde! Wel maak die son ook `n groot beweging, maar daar het die aarde net so min mee te make as `n stoffie op julle klere te maak het met julle beweeg van die een plek na die ander.

[2] Dat dit by julle dag en nag word, kom deur die vinnige omwenteling van die aarde om haar eie as. By geleentheid het Ek julle tog uitgelê dat die aarde `n groot bol is, wat van die weste na die ooste draai en daarom altyd deel na deel na die son toekeer. Op die hele aarde is dit daarom altyd op `n bepaalde plek môre, op `n ander plek ter selfder tyd middag, op `n nog verder na die ooste liggende plek ter selfder tyd aand en nog verder na die ooste middernag, en die genoemde vier punte skuif altyd onophoudelik voorwaarts, sodanig dat dit binne ongeveer 24 uur op elke punt van die aarde een keer môre, een keer middag, een keer aand en een keer middernag word. Dit is `n wetmatigheid wat, op gevaar van volledige vernietiging van alles wat daar op die aarde is, vir wat betref die beweging nooit `n haarbreedte verander mag word nie!

[3] Want sou Ek die son nou in werklikheid nog `n uur lank oor hierdie streek laat skyn, dan moet Ek die hele aarde in haar draaiing - wat deur die groot sirkel van haar omtrek so vinnig is dat `n paar oomblikke al `n afstand van hier na Jerusalem beteken - natuurlik op slag stop. Daardeur sou alle vrye liggame wat nie te vas met die aarde verbind is nie, `n sodanige heftige skok kry, dat daardeur nie slegs alle lewende wesens nie, soos mense en diere, met hul huise en hutte en paleise ure ver met ontsettende krag na die ooste geslinger sou word nie, maar so `n skok sou ook die seë uit hul dieptes oor die berge heen jaag en die berge sou soos mossies deurmekaar vlieg!

[4] Om hierdie heel natuurlike rede, wat Ek julle nou meegedeel het, kan Ek ooreenkomstig die waarheid nie op julle versoek ingaan nie, maar ek kan, **soos in die tyd van Josua,** vir julle `n paar uur lank `n skynson plaas, wat net so sal skyn soos die egte natuurlike. Hierdie son sal dan natuurlik na `n paar uur weer heeltemal in die niet verdwyn, omdat dit slegs `n suiwer lugspieëling sal wees.

[5] Let nou dus almal goed op! As die egte son ondergaan, sal tewens die onegte in die weste opgaan en daarna twee volle ure bo die horison bly skyn.

[6] Maar ook vir die verskyning van hierdie skynson sal geen bo-aardse, maar heel natuurlike middele aangewend word, hoewel hierdie deur My innerlike wil daartoe opgewek word en bevestig word deur buitengewone kragte uit die sfere van die hemele. - Verstaan julle hierdie uitleg nou so `n bietjie?"

[7] **Cyrenius** sê: "Ek, sprekende vir myself, verstaan dit volkome, want ek het nog altyd die wonderbare bitter lemoene uit Ostracine! Meester, U verstaan my goed!? Maar of almal hier aanwesig dit sal begryp, lyk vir my twyfelagtig!?"

[8] **Ek** sê: "Dit maak nie saak nie! Wie dit nou nog nie heeltemal begryp nie, sal dit wel later op `n keer verstaan, want die heil van die mensesiele hang sekerlik nie daarvan af nie. Mense wat die aarde te goed ken, kry dan te veel sin om die hele aarde - wat mettertyd tog nie sal uitbly nie - op elke plekkie te deursoek en daardeur trek hulle hul siele te veel na buite, wat dan baie materialisties en hebsugtig word.

[9] Daarom is minder kennis oor die aard van die materie – die aarde, maar in plaas daarvan meer selfkennis, beter.

[10] Want wie eenmaal sy innerlike geheel en al ken, sal ook vroeg genoeg nie net kennis vergaar oor die hele aarde nie, maar ook oor alle ander hemelliggame in die eindelose skeppingsruimte, sowel stoflik as geestelik, en slegs daardie laaste is van belang en dra die grootste gewig. Die uitwendige kennis oor die natuur van hierdie aarde sal vir geen siel die weg baan na onsterflikheid nie.

[11] Maar let nou op, die natuurlike son verdwyn byna agter die horison en die skynson sal op daardie oomblik sy plek inneem!"